

13 Desember

Matteus 2:1-12; (Teks: 2:1, 2)

Sterrekykers uit die Ooste

Hierdie sterrekykers was nagreisigers wat meesal in die nag terwyl dit lekker koel was, op die pad was. Hulle was geleerdes wat natuurverskynsels, veral die sterre, bestudeer het om tekens van toekomsgebeure vir enkelinge asook vir volke daarin te probeer raaksien. Hulle was vreemdelinge wat God nie geken het nie. Heelwaarskynlik Persiese of Babiloniese astroloë en droomverklaarders wat van die Messias niks geweet het nie. Maar God het van hulle geweet. Hy gaan hulle gebruik in hierdie magtige bekendmaking van die Verlosser wat vir die mens gebore gaan word. Deur die sterre word die sterrekykers daartoe gelei om aan die Jesus-kind hulde te gaan bewys.

Hoekom sou God egter van sterre gebruik maak om hier aan vreemdelinge dinge oor Jesus te openbaar? God self het dan aan sy volk Israel alle sterrewiggelary verbied? Die antwoord is voor die handliggend: Die Here spreek die heidense sterrekykers aan deur middel van sy sterrehemel om die grootste gebeurtenis van alle tye uit te lig, naamlik die Lig wat alle duisternis verdryf: Jesus Christus wat as Verlosser gebore word. God het van die begin van die skepping af die sterre tot 'n teken gestel. So gebruik Hy ook weer die sterre én hierdie Oosterse sterrekykers vir sy doel. Hulle moes nie net Jesus se geboorte bekend maak nie, maar ook sy Koningskap. Daarom maak hulle hulle reissakke oop en gee Hom geskenke: wierook en mirre... alles kosbaarhede uit die Ooste wat by 'n Koning pas.

Hoe heerlik is dit om te weet dat tot vandag toe en elke dag soos dit God behaag, die heidene eintlik maar die pen in God se Almagshande is: Hy laat hulle doen wat Hy wil.

Ds. D. Laufs (Alberton-Wes)